# REMGRO SE BENADERING tot verslagdoening

Die 2023-geïntegreerde jaarverslag verskaf 'n holistiese oorsig van Remgro se besigheidsmodel, hoe die maatskappy bestuur word, sy benadering tot omgewings-, maatskaplike en bestuurs-(ESG)-kwessies regdeur die groep via die onderliggende beleggings, asook die verantwoordelike rentmeesterskap van sy beleggings. In hierdie opsig is die hooffokus om 'n volledige ontleding van ons besigheid te gee ten einde die inligtingsbehoefte te bevredig van sleutelbelanghebbendes.

Die doel van die inligting wat aangebied word, is om ons belanghebbendes 'n goeie begrip te gee van die groep se impak op finansiële, maatskaplike, omgewings- en ekonomiese gebied en hulle in staat te stel om ons vermoë te evalueer om volhoubare waarde vir belanghebbendes te skep.

Remgro glo dat die optimale manier om sy volhoubaarheidsagenda te bevorder, is om in vennootskap met die onderliggende maatskappye, ESG-beginsels regdeur die groep, via elke maatskappy en sy eie waardeketting toe te pas.

Om seker te maak dat alle wesentlike kwessies hanteer word wat ons, ons aandeelhouers en ander belanghebbendes affekteer, word daar oor die volgende sake verslag gedoen:

- Ons sakemodel;
- Ons ESG- en volhoubaarheidstrategie;
- Ons belangrikste besigheidsrisiko's en geleenthede, soos deur die geïntegreerde risikobestuursproses geïdentifiseer; en
- Bestuursprosesse.

## Rapporteringsuite

Inligting oor Remgro se rapporteringsuite is hieronder uiteengesit en gee besonderhede oor die gerusstellings wat verkry en die raamwerke wat vir elke verslag gebruik is.

### Geïntegreerde jaarverslag

**Toegepaste beginsels en raamwerke**

- IIRC <IR>-raamwerk
- King IV Verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (2016) (King IV)
- Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig (Maatskappywet)
- Noteringsvereistes van die JSE Beperk (JSE)

**Gerusstelling verkry**

- Nagesien deur:
  - Bestuur
  - Interne oudit/Finansieel
  - Oudit-en-risikokomitee
  - Direksie
  - JSE borg

### ESG en Volhoubaarheidsverslag

**Toegepaste beginsels en raamwerke**

- Taakspan oor Klimaatsverwante Finansiële Openbaarmaking (TCFD)-aanbevelings
- Gemeet aan FTSE Russell-kriteria (FTSE4Good Indeks Reeks)
- Gebruik die GRI-standaarde as 'n riglyn, asook die JSE se openbaarmakingsleiding
- CDP (voorheen Koolstofopenbaarmakingsprojek) verifiëring van sommige nie-finansiële aanwysers-kriteria

**Gerusstelling verkry**

- Nagesien deur:
  - Operasionele ESG-komitee
  - Bestuur
  - Interne oudit/Finansieel
  - Strategiese ESG-komitee
  - Maatskaplike-en-etiesekomitee
  - Oudit-en-risikokomitee
  - Direksie

### Gekonsolideerde finansiële jaarstate

**Toegepaste beginsels en raamwerke**

- Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS)
- Maatskappywet
- Noteringsvereistes van die JSE

**Gerusstelling verkry**

Onafhanklike ouditmening van PricewaterhouseCoopers Geïnk.

### Jaar- en tussen-resultate aanbieding

**Toegepaste beginsels en raamwerke**

Nie van toepassing nie

**Gerusstelling verkry**

- Nagesien deur:
  - Bestuur
  - Finansieel
  - Beleggersverhoudings

### BBSEB-sertifikaat

**Toegepaste beginsels en raamwerke**

Die Departement van Handel, Nywerheid en Kompetisie se generiese Kode van Goeie Praktyk

**Gerusstelling verkry**

AQRate Eiendoms Beperk

# **Remgro is 'n beleggingshouermaatskappy** en daarom dui alle verwysings na "die groep" in hierdie konteks op die maatskappy en sy filiale.

Die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (King IV), wat op 1 November 2016 gepubliseer is, bevat 'n stel beginsels wat grondliggend tot goeie bestuur is, asook verwante, rigtinggewende praktykaanbevelings. Die JSE Beperk het sekere van King IV se aanbevole praktyke in die JSE se noteringsvereistes geïnkorporeer, wat tot gevolg het dat hierdie aanbevole praktyke van King IV nou verpligtend is vir maatskappye (soos Remgro) wat op die JSE genoteer is. Die direksie is tevrede dat die maatskappy die beginsels vervat in King IV gedurende die jaar onder oorsig toegepas het. Die korporatiewe bestuursverslag op bladsy 76 verduidelik hoe Remgro, met verwysing na sy eie praktyke, die beginsels van King IV toegepas het.

## Rapporteringsgrense

### 1 Geïntegreerde rapporteringsgrens

Dit sluit die finansiële en nie-finansiële grense in, soos hierna verduidelik. Daarby word wesentlike aangeleenthede wat verband hou met belanghebbendes se oorwegings, risiko's en geleenthede en bestuursake in die openbaarmaking van hierdie verslag ingesluit.

### 2 Finansiële grens

Remgro is 'n beleggingshouermaatskappy en daarom sluit alle finansiële inligting in die opgesomde finansiële state geassosieerdes en gesamentlike ondernemings op 'n geëkwiteerde grondslag in, en filiale op 'n gekonsolideerde grondslag.

Die intrinsieke netto batewaarde van die groep sluit waardasies van alle beleggings in. Filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings word teen genoteerde markwaarde geïnkorporeer, of in die geval van ongenoteerde beleggings teen *IFRS 13: Billike Waarde Meting*-waardasie.

Verwys na bladsy 21.

### 3 Nie-finansiële inligtingsgrens

Inligting wat verband hou met die maatskaplike en omgewingsvertoning van filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings, waaroor Remgro nie bedryfsbeheer uitoefen nie, word nie volledig deur hierdie verslag gedek nie.

Tensy anders aangedui, hou alle openbaarmaking met betrekking tot maatskaplike en omgewingsvertoning slegs verband met Remgro se werksaamhede by sy hoofkantoor in Stellenbosch.

## Omvang en grense van ons verslag

Remgro is 'n beleggingshouermaatskappy en daarom dui alle verwysings na "die groep" in hierdie konteks op die maatskappy en sy filiale. Openbaarmaking is gevolglik beperk tot daardie ondernemings waar Remgro beheer uitoefen oor finansiële en bedryfsbeleid, behalwe waar sodanige ondernemings die relevante inligting in hul eie jaarverslae publiseer.

Remgro het vier hoofbedryfsfiliale, naamlik RCL Foods Beperk (RCL Foods), Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods), Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco) en Capevin Holdings Eiendoms Beperk (Capevin). Aangesien RCL Foods op die JSE genoteer is, is volledige inligting oor sy finansiële en nie-finansiële vertoning op sy webwerf, www.rclfoods.com, beskikbaar.

Siqalo Foods, Wispeco en Capevin is ongenoteerde filiale wat op 'n gedesentraliseerde grondslag as onafhanklike ondernemings bedryf en bestuur word en oor outonome direksies beskik. Op 26 April 2023, is Capevin, wat die oorblywende bates, waaronder die Skotse whiskybesigheid, van Distell Group Holdings Beperk (Distell) gehou het, deur Distell ontbondel na die samevoeging van die Heineken International B.V. (Heineken) Suider-Afrikaanse besigheid, insluitende 'n belang in Namibia Breweries Beperk (Namibia Breweries), met die grootste gedeelte van Distell se besigheid (bestaande uit sy siderbesigheid, ander RTDs (gereed-om-te-drink) en spiritualieë- en wynbesigheid). Gegewe bogenoemde, en ook die feit dat Siqalo Foods, Wispeco en Capevin onderskeidelik, slegs 4.3%, 1.0% en 1.1% van Remgro se intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig, word net 'n verkorte "nie-finansiële" openbaarmaking gedoen ten opsigte van Siqalo Foods en Wispeco se maatskaplike en omgewingsvertoning, terwyl Capevin se maatskaplike en omgewingsprestasie mettertyd verskaf sal word. Dit is in ooreenstemming met Remgro se verslagdoening oor die finansiële vertoning van sy onderliggende beleggings.

## ESG- en volhoubaarheids-rapportering

In ooreenstemming met verwagtinge oor hoe daar oor ESG-prestasie in die praktyk gerapporteer moet word, streef Remgro daarna om deursigtige en akkurate openbaarmakings te doen oor sy werksaamhede en die vordering wat gemaak word ten opsigte van internasionaal erkende standaarde.

In die 2022-geïntegreerde jaarverslag het onsself verbind tot die daarstelling van 'n skedule om Remgro se ESG-vordering en rapportering teenoor gedefinieerde teikens te meet. In nakoming van hierdie verbintenis het Remgro vanjaar openbaarmakings in ooreenstemming met die raamwerkaanbevelings van die Taakspan oor Klimaatsverwante Finansiële Openbaarmaking (TCFD) voorberei.

As 'n markgedrewe inisiatief om aanbevelings vir vrywillige en volgehoue klimaatsverwante finansiële risiko-openbaarmakings te ontwikkel, help TCFD ons om klimaatsverandering doeltreffend binne die Remgro-groep en onderliggende beleggings te hanteer, ten einde beleggingsrisiko's tot 'n minimum te beperk en geleenthede, voortspruitend uit die energie-oorgang, tot 'n maksimum te benut.

Een van die elemente in die skep van 'n groepwye ESG-raamwerk was die bepaling van die vlak van ESG-volwassenheid binne Remgro en sy onderliggende beleggings in die eerste helfte van 2023. Dit sal deur Remgro gebruik word om sy ESG-werksaamhede en -openbaarmaking, asook die omvang van rapportering, in die komende jaar te verbeter. Dit sal ook help om beter doelwitte vir die toekoms te stel.

## Wesentlike gebeure gedurende en na die einde van die verslagtydperk

Op 6 Junie 2023, het Remgro en MSC Mediterranean Shipping Company SA die volle uitgereikte gewone aandelekapitaal van Mediclinic Group Beperk (Mediclinic), buiten die Mediclinic-aandele wat Remgro reeds besit, bekom. Mediclinic-aandeelhouers het 501 pennies per Mediclinic-aandeel ontvang. Remgro het 'n verdere £221 miljoen belê en sy belang in Mediclinic het vanaf 44.6% tot 50.0% toegeneem.

Op 26 April 2023 het Heineken se Suider-Afrikaanse besigheid, insluitende 'n belang in Namibia Breweries, met die grootste gedeelte van Distell se besigheid (bestaande uit sy siderbesigheid, ander RTDs en spiritualieë- en wynbesigheid) in Heineken Beverages Holdings Beperk (Heineken Beverages) saamgevoeg. Remgro het 'n 15.5%-belang in Heineken Beverages ontvang en het sedertdien sy belang tot 18.8% verhoog. Distell het terselfdertyd sy filiaal, Capevin, wat die oorblywende bates van Distell gehou het, insluitende die Skotse whiskybesigheid, ontbondel en Remgro het 'n ekonomiese belang van 31.4% in Capevin ontvang.

Verwys na die verslag van die hoofuitvoerende beampte op bladsy 21 vir 'n kort opsomming van hierdie transaksies. Buiten genoemde transaksies, was daar geen betekenisvolle gebeure gedurende die verslagtydperk, of na die einde van die verslagtydperk, wat 'n wesentlike uitwerking op die grootte, struktuur of eienaarskap van die groep mag hê nie.

## Direksie-goedkeuringsverklaring

Die direksie, ondersteun deur die oudit-en-risikokomitee, erken sy verantwoordelikheid om die integriteit en volledigheid van die verslag te verseker. Die direksie gee gesamentlik aandag aan die voorbereiding en aanbieding van die verslag. Ons glo dat die verslag voorberei is in ooreenstemming met die Internasionale Geïntegreerde Verslagdoeningsraamwerk en dat dit 'n ewewigtige en toepaslike uitbeelding van die maatskappy gee.

Die direksie het die 2023-geïntegreerde jaarverslag op 20 September 2023 goedgekeur.

**Remgro streef** daarna om **deursigtige** en **akkurate** openbaarmakings te doen oor sy **werksaamhede** en die **vordering** wat teenoor internasionaal erkende standaarde gemaak word.